Beeste

ITAU

Animal Feeds

Itau Animal Feeds se snykant tegnologie help die produsent om voer so ekonomies as moontlik in vleis om te skakel, wat meer rande in die sak tot gevolg het. Ons poog om diere optimaal te laat gewig aansit sodat hulle top uitslagresultate kan gee. Aandag word gegee om die laagste moontlike voeromset doeltreffendheid te bewerkstellig wat beteken dat diere met die minste hoeveelheid voer die maksimum mooontlike groei moet gee. Itau se voere is veilig en maklik vermengbaar en die basiese voerbyvoegsels vir optimale prestasie word as standaard ingesluit.

611 Itau Beef Extreme Grow

- Kragvoergedeelte van die afrondingsrantsoen
- Ruvoer word op die plaas bygemeng
- Volvoer (TGR) of kafeteriastelsel waar ruvoer apart gegee word
- Kan net so op goeie veld gegee word vir veldafronding
- Diere kan tot 80% van hul totale daaglikse inname van hierdie produk inneem
- Diere moet aangepas word op die produk

681 Itau Beef 33

- Baie gewilde konsentraat vir beeste van enige ouderdom en gewig
- Hoogs verteerbaar om 'n gesonde rumen-omgewing te verseker
- Bevat voerbyvoegsels om optimale voeromset te behaal
- Diere moet stelselmatig op hierdie voerkraalrantsoene aangepas word

Itau Beef 33	Volledige beesvetmesting (Droë ruvoer)	Volledige beesvetmesting (Kuilvoer)	Produksielek	Kragvoermengsel op veld (kafeteria)
Itau Beef 33	150	150	450	200
Mieliemeel	700	700	300	800
Lusern	150	0	0	0
Kuilvoer	0	300	0	0
Sout	0	0	150	0
Molassemeel	0	0	80	0
Totaal	**1000**	**1150**	**980**	**1000**
Samestelling (g/kg):				
Proteïen (min)	132	115	180	130
Ureum (maks)	8	8	25	11
Tot proteïen v NPN (maks) (%)	17.87	19.21	40.43	24.28
Vog (maks)	110	276	117	112
Vesel	70	137	62	40
Ca	9	8	24	10
P (min)	3	3	5	4

682 Itau Beef 46

- Hoog in verbyvloeiproteïene
- Ideaal vir vermenging in Fase D-toetsing
- Verskeie voerbyvoegsels en organiese minerale
- Diere moet aangepas word voor hierdie mengsels verskaf word

'n Aantal gewilde mengverhoudings:

Itau Beef 46	Volledige beesvetmesting (Droë ruvoer)	Volledige beesvetmesting (Kuilvoer)	Fase D
Itau Beef 46	100	100	100
Mieliemeel	700	700	600
Lusern	150	50	150
Kuilvoer	0	150	0
Laegraadse ruvoer	50	50	100
Oliekoek	0	0	50
Totaal	**1000**	**1050**	**1000**
Samestelling (g/kg):			
Proteïen (min)	133	122	152
Ureum (maks)	10	10	10
Tot proteïen v NPN (maks) (%)	21.49	23.93	18.72
Vog (maks)	109	200	108
Vesel	81	109	96
Ca	7	7	8
P (min)	3	3	3

Animal Feeds

T: +27 (51) 875 2786/7 | F: +27 (86) 246 7287
Gemsbokstraat 46 | Kwaggafontein | Bloemfontein | 9301
Posbus 11532 | Universitas | 9321

AFMA
SAFE FEED FOR SAFE FOOD
CODE OF CONDUCT COMPLIANCE

683 Itau Beef 80

- Geskik vir groter voerkrale met ondervinding in die intensiewe afronding van beeste
- Baie ekonomies met 'n klein konsentraatinsluiting
- Verseker goeie aanpassing voordat hierdie mengsels verskaf word.

Itau Beef 80	Volledige beesvetmesting (Droë ruvoer)	Volledige beesvetmesting (Kuilvoer)	Volledige beesvetmesting (Hoër natuurlike proteïen)
Itau Beef 80	50	50	50
Mieliemeel	725	700	700
Lusern	50	50	50
Kuilvoer	0	200	0
Laegraadse ruvoer	150	0	100
Voerkalk	25	25	25
Oliekoek	0	0	50
Totaal	**1000**	**1025**	**975**
Samestelling (g/kg):			
Proteïen (min)	120	118	137
Ureum (maks)	12	13	12
Tot proteïen v NPN (maks) (%)	28.54	31.08	25.65
Vog (maks)	108	232	105
Vesel	83	109	78
Ca	11	12	11
P (min)	2	2	2

WAARSKUWING

- Wanneer van 'n NPN-vrye na 'n NPN-bevattende voer oorgegaan word, word dit aanbeveel dat voere vir 4 tot 6 dae gemeng word in 'n 50/50 verhouding.
- Beskerm hierdie voere teen reën. NPN is oplosbaar en kan diere wat water drink waarin NPN opgelos is vergiftig.
- Moenie hierdie voere onoordeelkundig saam met ander NPN bevattende voere voer nie. Raadpleeg 'n Dierevoedingkundige.
- Asyn is 'n effektiewe behandeling teen NPN vergiftiging. Meng in gelyke dele met water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap of 2 tot 4 bottels per bees (bottel = 750ml)

Enkele nuttige duimreëls vir voerkrale

- Beeste behoort ongeveer 3.5% van hul liggaamsmassa per dag in te neem in droë materiaal
- Wanneer kuilvoer gevoer word, word die hoeveelheid kuilvoer deur drie (3) gedeel om die droë materiaalfraksie daarvan te bepaal
- Voldoende koel , skoon water is absoluut noodsaaklik vir ekonomiese afronding
- Diere moet as volg aangepas word wanneer hulle die voerkraal inkom:

Dag	Ruvoer addisioneel	Kragvoer *
0	Dik gevreet	0
1-2	80%	20%
3-4	60%	40%
5-6	40%	60%
7-8	20%	80%
Daarna	0%	100%

**Met kragvoer word bedoel die TGR (Totaal Gemengde Rantsoen) soos uiteengesit in hierdie brosjure*

Vir enige spesifieke formulasies met grondstowwe op die plaas, kontak **Itau Animal Feeds se Tegniese afdeling*

Beeste